26 Mei 2015
Die Burger

Britse wynkenner in wolke oor 50 jaar oue klassieke cabernets

Danie Keet

'N Wyn van 50 jaar oud wat by vanjaar se Nederburg-veiling aangebied word, het die aandag van een van die mees gerespekteerde wynkundiges ter wêreld getrek.

Steven Spurrier van Brittanje, wat al talle wynboeke geskryf het en as 'n doyen van resensente en beoordelaars beskou word, is 'n wynopvoeder en -raadgewer wat al talle kere vir sy skryfwerk en dienste aan wyn bekroon is. Hy het veral bekendheid verwerf met die beroemde "Judgement of Paris"-wynproe wat hy in 1976 gereël het en waartydens Kalifornië die Franse op hul eie terrein uitgestof het.

Hy het onlangs in Suid-Afrika drie van Zonnebloem se klassieke cabernet sauvignon-wyne geproe. Die gehalte het hom verstom, en hy het aan die plaaslike wynskrywer Christian Eedes gesê die "wyne se uitsonderlike selfvertroue en warmte" was vir hom die hoogtepunt.

Een van die drie wyne was die 1965 Zonnebloem Cabernet Sauvignon, waarvan 'n kas van ses bottels by vanjaar se Nederburg-veiling onder die hamer kom en na verwagting groot belangstelling onder kopers sal lok.

Spurrier, wat die land besoek as een van die beoordelaars van die jaarlikse Ou Mutual-trofeewynskou, het kennis gemaak met die drie Zonnebloem-wyne by 'n proe van 'n groep van 21 ou Kaapse rooiwyne wat die amptelike beoordeling vir die kompetisie voorafgegaan het. Eedes, wat vir winemag.co.za oor die proe verslag gedoen het, het geskryf dat die "drie oesjare van die Zonnebloem Cabernet Sauvignon, naamlik 1965, 1969 en 1970, van almal waarskynlik dié was wat die hoogste uitgetroon het".

Hy skryf soos volg oor Spurrier se reaksie op die ander twee Zonnebloem-wyne: "Wat die 1970 betref, het hy (Spurrier) gesê daar is sekerlik 'nie baie Haut-Médocs wat daarby kan kers vashou nie', en die 'lewenskragtigheid en vrolikheid' van die 1969 het hom beïndruk."

Eedes het die meeste van die 1965-oesjaar gehou. "Na my mening was die 1965 die beste wyn wat ons geproe het. Die kleur het heel eerste beïndruk. Dit was helderrooi. Daar was rooi bessies, spesery en 'n tikkie vleisaftreksel op die neus. Daar was steeds 'n heerlike uitdrukking van druiwe op die palet, helder suur en puik tannien – alles was verruklik suiwer. Soos altyd het ek gewonder wat destydse wynmakers gedoen het om wyne te maak wat só maklik 50 jaar lank kon lê en verouder."

■ By verlede jaar se Nederburg-veiling is 'n kas van ses bottels van Zonnebloem se 1964 Cabernet Sauvignon vir R30 000 verkoop. Vanjaar se veiling vind op 11 en 12 September plaas.

Duimpie Bayly was betrokke by die maak van die 1965 Zonnebloem Cabernet Sauvignon.
Foto: JURIE SENEKAL

Wynkelders verskaf mobiele biblioteek aan gemeenskap